# Rustenburg Gemeenskapskerk

**25 OKTOBER 2020**

Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org.za

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za.
Registration number: MPC: PBO 930046902



## Vandag by die Kerk

09h00: Erediens en Belydenisklas om 10h00



## My bure is oorsee, moet ek ook Emigreer?



Om te ry of te bly. Dit is die vraag vir vele. "Die wiele val af." "Hier is nie 'n toekoms vir my kinders nie." "Misdaad wen." Hoe gemaak? Sulke persepsies is deesdae baie mense se nuwe realiteit. Wel, jy kan doen wat jy wil.
Hoe dink navolgers van Christus oor sulke ry of bly vrae?

Eerstens, God is globaal. Hy is globaal en lokaal. Hy is internasionaal en plaaslik. Die hele wêreld is Syne. Daarom stuur Hy Sy mense nog altyd op missies regoor die aarde. Abraham, Paulus en derduisende ander gelowiges moes deur die eeue God se koninkryk oral uitdra. Maar die Here is ook plaaslik. Hy is nie net elders nie. God het nie geëmigreer as moeilikheid opdaag nie. Daarom kan en moet ons Hom op enige plek op aarde dien en navolg. Daar waar ons is, daar is God se huis: daar is Hy ook tuis.

Tweedens, ons hoogste roeping as navolgers van Christus is nie ons eie veiligheid, ons voor-spoed, of ons eie toekoms nie. Ons leef vir die Here, Sy missie is ons en ons huis s'n. Al ons besluite, soos of ons bly of ry, gaan oor die Here se eer. Ons is Sy diensknegte. Ons leef nooit vir onsself en vir ons eie voorspoed en geluk nie, maar vir Hom en vir ander.

Derdens, dit kos 'n kruis om Jesus te volg. Altyd, orals., of ons hier bly, of daar - die prys is steeds dieselfde. As ons eerlik is oor die feit dat Jesus ons Here is, dan het ons in elk geval reeds die keuse gemaak om ons eie lewe te verloor - nie vir onsself nie, maar vir Hom
Ons mag vrae vra oor waar ons met ons een en enigste lewe wil leef, werk en bly. Ons mag ook dink aan ons loopbane, ons veiligheid, ons kinders...maar bo alles gaan dit oor ons Heer se eer. Vir Hom, leef en sterf ons. Nog voor-spoed, nog onveiligheid, is ons trekpleister of ons kompas: net die Here is!
Op enige plek op aarde is ons in Sy hande.
Soos wat ek aldag vir myself sê: "Enige plek op aarde is 'n lekker plek, maar dan moet ek 'n lekker mens wees."

WEL, WEES DIT TOT EER VAN DIE HEER !! Deur Stephan Joubert

## Jeugkamp by Boonducks Farm

Datum: 6-8 November 2020
Kostes: R300.00
Wat gaan jy doen?



* Baie lekker kuier
* Groot vuur maak
* Oor belangrike goed gesels
* My opinie gee
* 2021 beplanning doen
* Nuwe vriende maak
* Lekker eet en lekker slaap
* Bespreek by Maryke: 082 443 4847

## Volgende Teebeurte



**Let asb op dat die teebeurte verskil van die kalender weens die veranderde skool vakansies**



8 November: Wyk15+16
15 November : Wyk1
22 November: Wyk 2
29 November: Wyk 4
6 Desember: Wyk 3
13 Desember: Wyk 13+14+5

## RGK- INISIATIEWE

U weet seker reeds van al die RGK inisiatiewe, verál gedurende die Covid - 19 Grendel-periode:



- RGK Helppakkies: Kos vir behoeftiges
- RGK Werksoekspan
- RGK Besigheidsgids
- RGK Goeie nuus boodskappe
- RGK Rek jou rand-groep
- Eiebase Kookboek @R100

**Besoek ons by www.rtbgkerk.org.za**
**of**
**Stuur epos na: rtbgkerk@gmail.com**

## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
**- instandhouding**
**- groei**
**- hulpverlening**
**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**



- ☑ EFT
- ☑ Stoporder
- ☑ Kontant koeverte

**by ⓘ toonbank**

## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van



## Verjaarsdae
## 25-31 Oktober 2020

27-Leilani Kleinsmit
31-Chrisna Giessing
- Johan Burger



## Bid asb vir ons lidmate



- Charlotte Pieterse
- Christelle Nel
- Daan Dercksen
- Shaun Lottering
- Sanette v/d Walt
- Ditta Joubert
- Peet Dique
- Isabel Mc Donald
- Ronel Engelbrecht
- Cisca Hopkins

Die gelukkigste mense het nie noodwendig die beste van alles nie. Hulle maak net die beste van elke geleentheid!